

Kategeet werkblad: 10 Oktober 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 6:1-13

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Vers 1 help ons om onself histories en geografies te plaas: '[In die jaar wat koning Ussia gesterf het, het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl die some van sy mantel die tempel gevul het].' Ussia was tussen 788-736 v.C. koning oor Juda. Die gedeelte begin in die agste eeu voor Christus en verskuif in die laaste drie verse na die sesde eeu voor Christus. Op grond van Jesaja 1:1 en wat hierna in Jesaja 7 volg, maak ons die afleiding dat die *ek* wat hier praat die profeet Jesaja is. Hy is in die tempel in Jerusalem. Terwyl hy daar is, beleef hy iets uitsonderliks. Hy sien die Here, maar hy beskryf Hom nie. Hy beskryf net die troon, die soom van die Here se mantel wat die tempel vul en in die volgende verse die diensknegte om die Here se troon.

Vers 3: Dit wat Jesaja hier sien en beleef, maak deel uit van die gesig waarna Jesaja 1:1 verwys. Die grense tussen die aardse en hemelse vervaag in hierdie oomblikke van ekstase. Jesaja kan nie meer onderskei tussen die goue afbeelding van twee gerubs wat Salomo in die tempel aangebring het (1 Kon 6:23-28) en die serafs in die troonsaal van die Here nie. Die mense het detyds geglo dat die tempel op aarde 'n afbeelding is van die Here se troonsaal in die hemel. Dit is dus nie so vreemd dat Jesaja nie meer kon onderskei presies waar hy hom bevind nie.

Vers 6 beskryf wat in hierdie oomblik gebeur: '[Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het ...]' Jesaja is weer tegelyk in twee wêreldes. By die serafs voor God se troon en in die tempel by die altaar waarop die priesters offers gebring het. Die doel van die offers was om mense te reinig sodat hulle voor God kan verskyn. Die ritueel van die kool wat reinig, kom nie op ander plekke in die Ou Testament voor nie. Die Mesopotamiërs het wel die gebruik gehad om iemand wat in die openbaar moes praat so te reinig en voor te berei. In vers 7 gebeur dit met Jesaja wanneer een van die serafs sy mond met die kool aanraak en sê: '[Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen].' Die Here raak Jesaja aan. Die Here reinig en vergewe hom.

Nadat die Here Jesaja gereinig het, hoor hy in vers 8 '[... die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?]' Die *ons* is hier die Here wat met Homself praat. In Hebreeus word dit as 'n tweegesprek beskou en daarom in die meervoud geskryf. Dieselfde geld vir Genesis 1:26 wanneer God sê: 'Kom Ons maak die mens ...' Dit gaan hier nie oor die Here wat Jesaja *roep* nie, maar wat hom *stuur*. In hierdie geval na die Judeërs toe met 'n baie spesifieke boodskap. Jesaja antwoord gewillig: '[Hier is ek, stuur my].' Wat Jesaja hierna sê, suig hy nie uit sy duim nie. Wat Jesaja sê, is wat God sê.

Vers 9: '[En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie].' Die Here praat nie meer van sy kinders nie, maar van *hierdie volk*. Het

die Here Hom van hulle onttrek? Nee, om die beeld van Jesaja 5 te gebruik, die Here het baie moeite met die wingerd gedoen, dit is hulle wat die suurdruwe dra en die wingerd afwei. Vers 10 herhaal die nié-hoor-sien-verstaan: '[Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie].' Die Here beveel Jesaja nie om die volk te verblind nie. Uit eie keuse is hulle siende blind, horende doof en sonder insig. Jesaja dring byvoorbeeld by koning Agas aan om op die Here te vertrou en om nie hulp op 'n ander plek te soek nie. Agas het nie geluister nie.

Jesaja se praat lewer geen vrug nie.

Verwagte uitkoms:

Jesaja kry die opdrag om met die volk te gaan praat met die versekering dat hulle nie gaan luister nie, maar hy moet steeds gaan. Ons sien aan die einde van die hoofstuk dat daar wel 'n handjievol is wat aan God getrou gebly het.

Mens kyk maklik vas in die dinge wat om jou aan die gang is. Mense sal maklik sê: "Die Here was hier teenwoordig, want kyk hoe suksesvol het hierdie projek afgeloop". Tog sien ons in hierdie gedeelte dat al loop dinge nie volgens (ons) plan nie, ons nie God se afwesigheid of oordeel daarvoor kan aankondig nie. Jesaja was gestuur, al het hy geweet dat dit nie sou werk nie was hy steeds aan God gehoorsaam en getrou.

Die kinders word in hierdie les uitgedaag om te beseft dat al lyk iets onmoontlik of asof dit nie vrug gaan dra nie, dit steeds nodig is as dit beteken dat jy aan God gehoorsaam en getrou gaan wees.

Aksie:

Benodighede:

- Genoeg stoele vir elke kind in die groep
1. Pak die stoele in 'n noue sirkel, sodat die stoele na binne wys
 2. Elke kind gaan sit op 'n stoel
 3. Een kind staan op en gaan staan in die middel van die groep
 4. Die groep begin so vinnig moontlik aanskuif, van een stoel na 'n volgende stoel (amper soos *musical chairs* – maar hulle bly egter op hulle boude aanskuif)
 5. Hulle moet dit onmoontlik maak vir die persoon in die middel om 'n sitplek te vind
 6. Sodra hy/sy 'n sitplek gekry het, kry iemand anders 'n beurt om in die middel te wees
 7. Besluit maar hoeveel rondtes jy gaan toelaat, sodat jy nog reviewing ook kan doen

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van

wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Verduidelik (in pare) aan 'n vriend hoe die speletjie werk, asof hy/sy dit nog nie gespeel hê nie.
- Wat was maklik/moeilik van hierdie speletjie?

Hart vrae:

- Was hierdie speletjie regverdig/onregverdig en hoekom sal julle so sê?
- Wanneer in jou lewe het jy al voorheen gevoel soos in die speletjie?
- Hoe het julle gevoel teenoor die persoon wat in die middel was en probeer inkom het?
- Hoe voel dit vir jou as jy in die lewe onsuksesvol is?

Skoppens vrae:

- Jesaja is gestuur met 'n opdrag van God, maar God het vir hom gesê dat dit wat hy gaan doen nie gaan werk nie, hoekom is sukses in alles nie wat vir God belangrik is nie, wat is vir God belangrik? [Om getrou te wees in jou verhouding met God is wat belangrik is, ons gaan nie altyd in alles suksesvol wees nie]
- Mense dink selfs dat omdat God die opdrag gegee het dat Jesaja suksesvol moes wees, wat leer ons hieroor in Jesaja 6?

Klawers vraag:

- As jy 'n lys van dinge sou moes opstel wat vir God belangrik is, wat sou jy op die lys sit?
- Hoe sou God se lys van belangrike dinge verskil van die wêreld om ons se lys?